

Titel: Gestuur om te Red
Spreker: Phillip Boshoff
Datum: 17 Januarie 2010
Tyd: 09:00



Sy Reddings-doel

Mattheus 18:11

¹¹Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is.

1: Alle mense

1 Timotheus 2: 3-4

³Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, ⁴wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

Dit sluit jou in

1 Timotheus 1:15

¹⁵Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is.

Lukas 15:21

²¹En die seun sê vir hom: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie.

Jesaja 6:5

⁵Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskaar, gesien!

2: Jou doel

Johannes 1:12-13

¹²Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; ¹³wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.

Hy't voorberei vir jou

Efesiërs 2:10

¹⁰Want ons is Sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.

1 Korinthiërs 2:9-10

⁹maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekome het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. ¹⁰Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.

Die hoop van Sy roeping

Efesiërs 1:15-16

¹⁵Daarom--vandat ek gehoor het van die geloof in die Here Jesus wat onder julle is en die liefde tot al die heiliges- ¹⁶hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie... sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlijkheid van sy erfdeel onder die heiliges is.

A: Verhouding met Jesus

Johannes 15: 4-5

⁴Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. ⁵Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.

B: Verhouding met die woord

Josua 1:7-8

⁷Wees net baie sterk en vol moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan. ⁸Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.

Psalms 1:1-3

¹Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, ²maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. ³Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.

C: Geplant in Sy huis

Psalms 92:12-15

¹²Die regverdige sal groei soos 'n palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder op die Líbanon. ¹³Geplant in die huis van die HERE, sal hulle groei in die voorhowe van onse God. ¹⁴In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees, ¹⁵om te verkondig dat die HERE reg is, my rots, en in Hom is geen onreg nie.

D: Diensbaarheid

Markus 9:34-35

³⁴Maar hulle het stilgebly; want hulle het op die pad met mekaar gepraat oor wie die grootste is. ³⁵En toe Hy gaan sit het, roep Hy die twaalf en sê vir hulle: As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste van almal en almal se dienaar wees.